# „De Voorbereidende School te Potchefstroom."

## 1.

Met die herdenking van die vyftigjarige bestaan van die Hoër Gimnasium, Potchefstroom, word in herinnering gebring veral die stigting, onderhoud en beheer van die inrigting waaruit die Hoër Gimnasium gegroei het. Ek bedoel hier „De Voorbereidende School van de Theologische School van de Gereformeerde Kerk te Potchefstroom". Hierdie Skool het bestaan van begin 1907 tot end 1914 toe dit oorgegaan het in die „Potchefstroom Gimnasium", wat op sy beurt weer in 1918 gesplits het tot die Hoër Gimnasium en die Laer Gimnasium. Die Laer Gimnasium het op sy beurt weer van naam verander en bestaan vandag

nog as die Mooirivierskool, terwyl dit vir 'n tyd lank bekend was as die Oefenskool van die Potchefstroomse Normaalkollege.

Die behoefte aan 'n Voorbereidende Skool vir die Teologiese Skool het reeds lank voor 1907 bestaan. Op die Algemene Sinodale Vergaderinge van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is daar keer op keer daaroor gehandel. Op die Sinode van 1876 was daar reeds sprake van die aanstelling aan die Teologiese Skool van 'n gekwalifiseerde onderwyser van die hoofonderwyserrang. En op die Sinode van 1882 is oorweeg maar om geldelike tekort uitgestel die stigting van 'n Voorbereidende Skool aan die Teologiese Skool—die naam is toe reeds gebruik. Die Sinode van 1894 het 'n belangrike stap verder gegaan deur te besluit tot die splitsing van die Literariese Departement van die Teologiese Skool in 'n laer (tot en met Matriek) en 'n hoër afdeling.

In die „Synodale Bepalingen der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika", uitgegee op las van die Sinode van 1904 kom die volgende uiters belangrike verwysinge na vorige besluite:

„De Synode acht dat lidmaten, die geheel nalatig blijven hunne kinderen in de Christelijke leer te onderwijzen, zich ook de gemeenschap der Kerk onwaardig maken, en dus censurabel zijn, en volgens Kerkorde moeten behandeld worden. Zie Art. 92, Syn. 82.

De Synode, nog eens in ernstige overweging nemende de zaak van het onderwijs der jeugd, gevoelt altoos meer de behoefte aan scholen geheel door haar zelve ingericht en onder goed kerkelijk opzicht, met behartiging der vereischte kundigheden; daarom beveelt zij het de Kerk in het algemeen, en elken kerkeraad en gemeente in het bijzonder ten zeerste aan, zoveel mogelijk kerkelijke scholen op te richten op de dorpen, of ook in de afgelegen wijken onder den naam van „Buurtscholen," maar alleen onder bestuur of althans onder het oppertoezicht van den plaatselijken kerkeraad.

De Synode is van oordeel, dat de ouders zelven het onderwijs voor hunne kinderen moeten bezorgen en bekostigen.

Kan een kerkeraad een kerkschool oprichten, dan doet die dat namens de gemeente ter harer hulp en op hare kosten.

Besluit de Regeering het onderwijs te helpen bevorderen en aan elke school, waarin voldoend onderwijs in de noodige burgerlijke wetenschappen gegeven wordt, eene toelaag uit de landskas toe te kennen naar eenen redelijken maatstaf, dan mag eene christelijke school die

toelaag met evenveel recht ontvangen als elk andere school, behoudens onafhankelijke vrijheid in het godsdienst onderwijs. Zie art. 139, Syn. '82.

De Synode waarschuwt ten ernstigste tegen de tegenwoordige richting van het gouvernements-onderwijs en raadt aan om, waar het maar eenigzins mogelijk is, vrije scholen te hebben, waarin onze godsdienst, taal en geschiedenis in waarde worden gehouden; wekt ouders, onderwijzers en kerkeraden op om in dezen ijverig saam te werken. Art. 205, Syn. '04."

Op die Sinode van 1904 is verder ook besluit dat solank daar geen Gereformeerde Gymnasia in ons land bestaan nie, sal die Teologiese Skool voortgaan met die onderrig van „ander vakken."

Die besluit van die Sinode was die direkte aansporing tot die stigting van die Gereformeerde Gimnasium op Steynsburg op 17 Julie 1905 en van 'n Vrye Christelike Skool op Burgersdorp in 1907 onder leiding van ds. D. Postma, wat in „Fac et Spera" (Des. 1907 en daarna) 'n oortuigde en oortuigende verhandeling geplaas het oor „De Noodzakelijkheid van een Gereformeerd Gymnasium in het Zuiden, voorbereidend tot de Theologische School".

Die Sinode van 1904 het ook besluit om die Teologiese Skool van Burgersdorp na Potchefstroom te verplaas. Dit het geskied aan die begin van 1905.

Die leiers in die Gereformeerde Kerk en in besonder die dosente aan die Teologiese Skool het in Potchefstroom aangetref een C.N.O.-skool geleë in Molenstraat net noord van Joostestraat. Naby die Gereformeerde Kerk was die North School, 'n skool soos sy naam aandui met Engels as voertaal—dit was 'n goewermentskool. Met die oorname van byna alle C.N.O.-skole in 1907 deur die Transvaalse Owerheid, het die C.N.O.-skooltjie op die Bult ook gesluit. Vir die Gereformeerde mense was daar nou 'n „skoolleegte" geskep. Daar was plek vir 'n vrye Christelike skool met Hollands as voertaal.

2.

Dit was dan ook die besliste gevoele van die plaaslike predikant van die Gereformeerde Kerk en die dosente van die Teologiese Skool; daar moet 'n eie skool kom.

'n Komitee is saamgestel met die volgende lede: professore J. Lion Cachet, F. Postma en A. P. C. Duvenage, dosent J. Kamp en ds. dr.

J. D. du Toit. Die Kommissie het tot die stigting van so 'n skool besluit en vroeg in Februarie 1908 is 'n begin gemaak met 'n tydelike onderwyser, mnr. H. J. J. van der Walt, 'n student van die Literariese Departement en ook assistent in Engels daarin, 'n sestal leerlinge in standerds 6 en 7 en 'n klaslokaal in die gebou van die Teologiese Skool.

In die „Prospektus van die Theologische School der Gereformeerde Kerk te Potchefstroom 1912-1913" vind ons die volgende belangrike besonderhede. Die naam van die skool is „Voorbereidende School", omdat dit die leerlinge voorberei vir die hoëre studie, wat in die Literariese Departement van die Teologiese Skool beoefen word. Die eenheid van onderwys vanaf die laagste klasse tot die hoogste eis die bestaan van so 'n skool. 'n Gewigter rede vir sy bestaan is egter dat dit die beliggaming is van ons beginsels op die gebied van onderwys, nl. (a) alle onderwys behoort gegee te word in 'n Christelike sin tot eer van die Naam van die Here, (b) alle onderwys moet nasionaal wees, (c) die reg van die ouers in die opvoeding van hul kinders moet gehandhaaf word. Wat die leerplan betref, word veral aan die volgende noukeurige aandag gegee: (a) Daeliks word 'n halfuur aan Bybelse Geskiedenis bestee, met inbegrip van gebed en Psalm, en dit smôrens by die opening van die skool, (b) 'n Halfuur per week word aan die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gegee, en (c) Woensdae word dogmatiese onderwys gegee deur die plaaslike predikant. Die medium van die onderwys is die moedertaal van die kind, alhoewel Engels maar ook as voertaal gebesig is. In 1912 het die Skoolkommissie by die Senaat van die Teologiese Skool aanhangig gemaak die deurvoering van die Hollandse medium, aangesien vakke soos Rekenkunde, Meetkunde ens. nog deur Engele onderrig is.

Mnr. Van der Walt het einde Junie 1908 sy betrekking neergelê. Die Skoolkomitee het daarin geslaag om die dienste van mnr. J. J. A. Coetsee van die Vrye Christelike Skool van Burgersdorp te verkry. Hy het sy nuwe taak in Julie 1908 aanvaar met 'n tiental leerlinge op die rol, en nou vanaf standerd 4 tot en met standerd 7. Aan die einde van 1908 was die aantal reeds 21.

Volgens 'n mededeling in die Almanakke van die Gereformeerde Kerk is die Voorbereidende Skool van die begin af by die Teologiese Skool gevoeg of daaraan verbind. Dit het dan ook al gou duidelik geword dat die voortbestaan van die Skool ten nouste in verband met die Teologiese Skool moet staan, maar ook dat die Gereformeerde Kerk dit

sal moet dra of steun. Terwyl die Skool aanvanklik geheel en al onderSteun is deur vrywillige bydrae en deur 'n klein skoolgeld, moes reeds in 1908 steun van die Transvaalse Gemeentes gesoek word. Vanaf 1911 is dan ook deur die Transvaalse Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk 'n vaste kollekte van £1 per 100 lidmate vir die Skool neergelê en in 1913 is besluit om daarby nog te voeg een ekstra kollekte per jaar in elke gemeente. Die Kerk het die skool as 'n kerklike inrigting beskou. Dit word verder bevestig toe die Kuratore die saak van die Skool sy eie gemaak het. Die Kuratore het reeds in Desember 1907 met blydskap kennis geneem van die bestaan van die Skool en het gemeen dat so 'n Skool baie dienstig kan wees as 'n voorbereidende skool vir die Literariese Departement en daarom het dit besluit om die Algemene Vergadering van die Transvaal te versoek om geldelike steun daaraan te verleen. Na aanleiding van 'n punt uit die Rektor se verslag aan die Kuratore oor ruimte, is ook besluit om 'n gebou teen sowat £400 vir die Skool te steun mits die Skoolkomitee self eers £250 bymekaargebring het. Op die vergadering van Desember 1908 het die Kuratore besluit tot die nouste samewerking tussen die Kuratore en die Bestuur van die Voorbereidende Skool om dit staande te hou. Op die Bestuur sal die Kuratorium deur twee lede verteenwoordig word. Die koste van die Skool sal deur die Bestuur gedra word; solank daar een onderwyser is, word 'n subsidie van £100 uit die Teologiese Skoolkas en na die benoeming van 'n assistent £30 ekstra jaarliks gegee. Die Skoolgebou word deur die Kuratorum op die grond van die Teologiese Skool gebou vir die som van £450: die Kuratore en die Bestuur dra elk £150 by, terwyl die resterende £150 deur die Kuratore betaal word mits die Bestuur op die som die rente teen 6% per jaar vir 'n tydperk van 10 jaar betaal; in die gebou sal een klaskamer vir die Teologiese Skool afgesonder word. Die Literariese professore en dosente van die Teologiese Skool mag aan die Skool hulp verleen vir sover die tyd dit toelaat. Die Bestuur moet sorg dat die Skool jaarliks deur 'n Komitee ondersoek moet word, en die Kommissie sal verslag doen aan die Kuratore en die Bestuur. Die koshuis van die Teologiese Skool sal oop wees vir leerlinge van die Skool teen gewone tarief.

In 1909 het die aantal leerlinge op 19 te staan gekom. In die loop van die jaar is die Skoolgebou voltooi, sodat dit in Januarie 1910 betrek kon word. Dit is ook besluit om kinders van standerd 4 af tot en met standerd 8 in die Skool toe te laat. Die aantal leerlinge het gestyg tot 24 en 'n assistente, mej. E. Postma, is benoem om aan die begin van

1911 haar werk te aanvaar. In 1911 het die leerlingetal gestyg tot 35, terwyl dit in 1912 geklim het tot 98 en 'n derde onderwyser nodig geword het. Dit is toe ook besluit dat leerlinge vir alle standerds tot en met die Skool Hoër toegelaat sou word. As onderwysers het toe opgetree: J. J. A. Coetsee (hoof), S. G. Yssel en mej. H. Coetsee. In 1913 moes 'n vierde onderwyser, G. J. Munstra aangestel word om die verhoogde aantal leerlinge, 131, behoorlik onder beheer te hou. Voor die Sinode van 1913 is deur die Kuratore weer eens 'n voorstel gelê aangaande die verhouding van die Voorbereidende Skool tot die Teologiese Skool. Die Sinode het ook goedgunstig oorweeg om sy toelae aan die Skool met £50 te verhoog.

3.

Donderwolke het gedurende 1914 saamgepak. 'n Dreigende oorlog, die Eerste Wêreldoorlog, en 'n binnelandse opstand en veranderende landsomstandighede het die Skool finansieel begin knel.

Reeds op die Sinode van 1907 is die saak van staatsteun ernstig bespreek. Na sorgvuldige oorweging het die volgende besluit geval: „De Synode oordeelt dat zij met recht van de Regering subsidie kunnen vorderen voor Vrije Scholen door hen opgericht en die voldoen aan rechtmatige eischen. De Synode besluit daarom in deze richting te moeten werken tot verkrijging van Regeerings subsidie voor Vrije Scholen". Die Sinode het aangevoel dat die onderhoud van skole 'n te sware las word vir Kerk en ouers.

In 1912 het 'n deputasie uit die Skoolkomitee die kwessie van subsidie in die Skool aktueel aanhangig gemaak by die Regering. Dit was 'n vrugtelose poging.

Die harde feit het in 1914 hom weer deeglik laat voel: dit is onmoontlik vir 'n private skool om maar enigsins met 'n openbare skool te wedywer (in die goeie sin van die woord) veral as die openbare skool tog ook maar Christelik-nasionaal is: die geboue word ontoereikend, die onderwysers doen geweldige opofferings en die leerlinge het nie die keuse van 'n wye leerplan nie.

Noodgedwonge moes die Skoolkomitee onderhandelinge begin aanknoop met die Transvaalse Administrasie vir daadwerklike geldelike steun. Dit kon egter nie verkry word nie. Die enigste uitweg was om die Skool maar aan die Transvaalse Onderwysdepartement oor te dra. Die Skoolkomitee het daartoe besluit, terwyl die Kuratore self besluit het om sy Matrikulasieklas saam met die Voorbereidende Skool aan die

Departement van Onderwys te oorhandig. Die nuwe Skool het toe 'n nuwe naam gekry: Potchefstroomse Gymnasium. Tot lede van die eerste Skoolkomitee is benoem die here: proff. dr. J. D. du Toit, S. O. Los, A. P. C. Duvenage en F. Postma, ds. W. J. de Klerk, en die here B. J. de Klerk en P. van der Walt, terwyl die Skool self onder die Potchefstroomse Skoolraad geval het. Die nuwe skool het begin met 10 onderwysers en naby die 300 leerlinge.

Die Sinode van 1916 het die mededeling van die Kuratore, nl. „Bij de overgang van de Voorbereidende School aan de Proviciale Regering van de Transvaal, werd de Matrikulasie klasse, als vallende onder Middelbaar Onderwijs, gevoegd bij het Potchefstroom Gymnasium, zoals de overgedane inrichting nu heet", vir kennisgewing aangeneem, al was daar sterk gevoelens, soos blyk uit 'n voorstel ingedien op die Sinode: „De Synode betreurt dat door de financiële drang, door niet genoegzame bijdrage in deze, de plaatselijke kommissie van en met de voorbereidende school en ook het Kuratorium met de Matrikulasieklas genoodzaakt werden over te gaan tot de Provinciale Regering; maar blijft de hoop koesteren, dat 'n beginsel van vrij kristelik onderwijs zal gehandhaafd blijven."

So het De Voorbereidende School aan die begin van 1915 as 'n vrye Christelike skool opgehou om te bestaan, maar as Gymnasium onder die Transvaalse Onderwysdepartement kon dit ongesteurd voortgaan met sy Christelik-nasionale onderwys en opvoeding.

J. CHR. COETZEE.

P.U. vir C.H.O.

21 Mei 1957.